**Saam boer ons vooruit**
**Farming together for success**
www.laeveld.co.za

# Alfred Esterhuyse

## Area: Vredendal

**T: 078 460 0888 / E: alfred@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Wyndruiwe, tafeldruiwe, groentegewasse
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Alfred Esterhuyse het in Lambertsbaai grootgeword en in 2014 aan Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam gematrikuleer. Sy pa het in Lutzville, 'n klein dorpie aan die Weskus, geboer. Hy glo dít en die feit dat hulle in 'n landbouskool was, is waar hy en sy broers hulle belangstelling in die landbou gekry het. Op skool het hy vir Augsburg se eerste rugbyspan gespeel, asook Noordweste-rugby en atletiek op Noordweste-vlak gedoen.

Alfred het 'n B.Com.-graad en Nagraadse Diploma by die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom verwerf. Hy het direk na universiteit in 2019, saam met sy broer, Heinrich Esterhuyse, by Farmsol begin werk, waar hulle boere en boerderye op 'n innoverende manier help om te groei. Hier het hy ervaring opgedoen in die Sandveld, hoofsaaklik met aartappels; en ook vir 'n tydjie in die Clanwilliam-gebied gewerk, waar hy met sitrus te doen gehad het.

*In die meer as twee jaar wat hy in die plantvoedingsbedryf gewerk het, het hy gesien watter groot behoefte daar in die landboubedryf is vir volhoubare groei in grondgesondheid en biologiese beheer.*

**Alfred is in proses om sy BASOS- en CropLife-kwalifikasies te verwerf. Saam met die kennis wat hy daardeur opdoen en die kundigheid, ervaring, tegniese dienste en wye reeks produkte wat Laeveld Agrochem bied, glo hy om 'n waardevolle toevoeging tot die landboubedryf te kan bied.** Alfred is baie lief vir sport – rugby, gholf en draf, wat hy graag in sy vrye tyd saam met sy vriende beoefen in Vredendal en Lambertsbaai. Hy geniet natuurlik ook gereeld 'n braai en kuier saam met familie en vriende. Die platteland en sy mense, 'n Weskus see-sonsondergang en ons Skepper, is iets wat na aan sy hart lê.

**Hy gaan in die Vredendal-gebied werk – hoofsaaklik met wyndruiwe, tafeldruiwe, groentegewasse.**

***"My visie en plan is om 'n verskil te maak – nie net op iemand se plaas nie, maar ook in die natuur. Ek is maar nog kort in die bedryf, maar besef dat ons nie so goed vir die natuur sorg soos wat ons moet nie. Die natuur sorg vir ons, so ons moet begin en aanhou om vir die natuur ook te sorg, want dit is waar ons toekoms lê. Dit is wat ek wil bereik en dit maak my opgewonde om 'n beter toekoms na te streef,"*** **sê hy.**

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.